Psalm 13 : Hoe lank nog, Here?

Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.
Refrein = Teks TT Cloete 2001. Melodie: GG Cillié 2001 (postuum)

Refrein



Voorg: Hoe lank gaan U my nog vergeet, Here? Vir altyd?
Hoe lank gaan U nog van my af wegkyk?
Hoe lank sal die vyand my nog oorheers?
Refrein: ... en om u goedheid, God, wil ek U eer.
Almal: Luister tog en antwoord my, Here my God! Gee my tog nuwe lewenskrag!
Ek wil nie sterwe nie, anders sê my vyand hy het my oorwin
en juig my verdrukkers oor my ondergang.
Refrein: ... en om u goedheid, God, wil ek U eer.
Voorg: Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart.
Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.
Refrein: ... en om u goedheid, God, wil ek U eer.